# 'n Reis vir Volgelinge

# Deel 1 – 'n Dissipel vertel en maak bekend

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**As jy dink hoe jy groot geword het, hoe het jy oor kerk gedink? Het jy meer in terme van 'n plek en tyd gedink of aan 'n beweging van mense wat op 'n missie is? Het dit intussen verander? Verduidelik.**

**Hoe sal jy vir iemand verduidelik wat 'n dissipel van Jesus is? Hoe sal jy dissipelskap verduidelik?**

**Waarvoor vir jy bekend staan? Hoe wil jy hê moet mense van jou dink? Verduidelik.**

**Lees deur die volgende gedeeltes en beantwoord die vrae:**

> **Handelinge 2:42-47. As jy na jou lewe kyk, hoe toegewyd is jy aan die Bybel, verhouding met ander Christene, die evangelie as middelpunt en gebed? Is dit werklik nog 'n prioriteit in jou lewe? Verduidelik.**

**Hoekom sukkel ons om hierdie dinge 'n prioriteit in ons lewe te hou?**

**Jakobus 1:22 en Johannes 15:14. Hoe belangrik is die DOEN gedeelte in hoe ons Jesus volg?**

**Hoekom bly baie Christene by die GLO gedeelte eerder as die DOEN gedeelte in hoe ons Jesus volg?**

**Efesiërs 2:19 en Romeine 12:5. Wat beteken dit om "medeburgers" te wees en "lede van mekaar"? Watter vereiste kom daarmee saam?**

**Skryf die name neer van mense met wie jy totaal eerlik is en wie vir jou bid. Dink hoe kan jy vir hulle dankie sê in hierdie week vir die rol wat hulle speel.**
**Indien jy nie name kan neerskryf nie, hoe kan jy begin om ten minste een persoon te identifiseer en te vra om daardie rol in jou lewe te speel?**

**In watter area van jou lewe gee jy nog voor? In watter area van jou lewe is daar 'n beeld wat jy voorhou? In watter area van jou lewe is daar geheime waarvan niemand weet nie? Hoe kan jy die gaping tussen wie jy werklik is en dit wat jy voorhou verklein? Watter stap kan jy neem om te vertel en bekend te maak as 'n dissipel?**

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**